

HOOFSTUK IV

DIE OUDERDOM EN BAKERMAT VAN AFRIKAANS

§1.—*Die Vraagstukke na Ontstaan en Ouderdom hang meestal saam*

Hoewel natuurlik nie altyd nie, hou die vraag na die „ouderdom” van Afrikaans (om dr. Viljoen se term te gebruik), tog meestal verband met die ontstaansprobleem en word daardeur bepaal. Ons kom te staan voor die volgende konkrete feit: In 1652 het Van Riebeeck en sy mense ’n taal gepraat wat ons onder die naam *Nederlands* saamvat; vandag praat ons daardie taal in ’n gewysigde vorm en noem dit *Afrikaans*. Tussen 1652 en, sê vandag, het Nederlands dus Afrikaans geword, of om ’n geliefkoosde maar misleidende beeld te gebruik, is Afrikaans gebore. Vanself dring dan die gewettigde vraag hom aan ons op: wanneer het dit so ongeveer gebeur? Wanneer het Afrikaans sy beslag, of om dr. Hesseling se gemeensame woord te leen, sy „draai” gekry?

In baie gevalle waar die antwoord gegee is na aanleiding van ’n ontstaansteorie, het dit uit die teorie self voortgevloei, en nie andersom nie. In werklikheid is die ouderdomskwessie daar eintlik van sekondêre belang — as fundamentele probleem is dit nog skaars ondersoek. Waar hierdie oorsig hom bepaaldelik besig hou met antwoorde wat reeds gegee is, en gelet op die voorgaande

stelling, interesseer die vraag ons hier voorlopig eerder akademies as prinsipieel, sodat die kort uiteensetting alleenlik verteenwoordigend hoef te wees.

§2.—Die Historiese Lyn uitgestippel

Die eerste probleembewustes het weinig of slegs in die verbygaan aandag aan die saak geskenk. Vir diegene wat gemeen het dat Afrikaans onder Hottentotse invloed ontwikkel het, moes die proses vermoedelik begin het sedert aanraking met hierdie inboorlinge; die wat aan Franse omvorming geglo het, het dit dus moes aanvaar van 1688 af, ensovoorts, al na gelang die teorie. Soms was dit die gemaklikste om die begindatum te gee, op ander kere is liewers die eindpunt bepaal, maar daar was ook diegene wat kans gesien het om 'n afgebakende tydperk vas te stel.

In 1896 het dr. W. J. Viljoen se proefskrif verskyn: *Beiträge zur Geschichte der Cap-Holländischen Sprache*, waarin hy, soos dit op bls. 58 heet, vir hom tot eerste taak gestel het om te bewys dat Afrikaans „ein verhältnismässig hohes Alter” het. Dit staan in verband met sy stelling dat Afrikaans sy „hyperanalytische” karakter reeds besit het voor enige aanraking met Engels en dit gevolglik nie aan daardie taal kon ontleen het nie, m.a.w. Afrikaans het 'n aparte taal geword „noch unter niederländischer Herrschaft, also noch vor dem Ende des 18. Jahrhunderts . . .” (bls. 25). Dit wil hy aanneemlik maak uit die voorbeelde van *Hotnot*-Afrikaans by Kolbe, uit die taalfoute van gewone burgers gedurende die agtiende eeu soos uit bewaarde private briewe blyk, en uit die eenvormigheid van Afrikaans wat minstens op 'n afronding dui van voor die begin van die Groot Trek.

Prof. J. te Winkel het in dieselfde jaar in *Vragen van den Dag* sy Franse teorie uitgespreek. Hy meen daarin dat in 1724, toe vir die laaste keer in Frans gepreek is, die proses ongeveer afgeloop moes gewees het. In sy *Geschiedenis der Nederlandsche Taal* (1901), waarin die nawerking van dr. Viljoen en dr. Hesseling se beskouinge opgemerk word, formuleer hy sy standpunt so: „Omstreeks 1720 had zij (de Afrikaansche spreektaal) waarskynlik reeds haar tegenwoordig karakter aangenomen” (ald., bls. 34). Dr. Hesseling self plaas die periode toe Afrikaans die meeste aan oorweldiging deur Maleis-Portugees blootgestel was, voor 1700. In verskeie artikels kom hy hierop terug, en in sy opstel oor Willem ten Rhijne (*De Unie*, Febr. 1906) begrens hy die „kritieke periode” met die jare 1658 (toe twee gebuite Portugese skepe met ladings slawe in Tafelbaai aangekom het) en 1685 (toe wette aangaande omgang met slawe verskerp is). Van nou af hou hy hom hierby.

Soos reeds in die vorige hoofstuk verduidelik, is die ondersoek na aanleiding van die ontstaan van Afrikaans sedert dr. Hesseling sy hipotese in 1899 breedvoerig uiteengesit het, vasgevang in die stryd vir of teen die Maleis-Portugese teorie, en sedert 1916 vir of teen die Vreemdelinge-Nederlandse teorie. Aan die rand daarvan verskyn allerlei ander opvattinge oor die ouderdomsvraagstuk uitgespreek deur taalgeleerdes, letterkundiges en ander. Die hoofmomente in die historiese verloop is reeds voldoende aangedui. Wat ons verder nog in die eerste instansie interesseer, is *wat* sommige van hulle as die beslissende periodes aangee — waaroor dan nou die een en ander.

§3.—*Die Periode van die beel eerste Landverhuisers*
(*Van Riebeeck*)

Daar is diegene wat oortuig is dat Afrikaans, behoudens noodsaaklike kleiner byvoeginge en weglatinge, die ou oorgeplante 17de eeuse Nederlandse dialekte haas onveranderd verteenwoordig. In die *Cape Monthly Magazine* van 1880 (Junie tot Augustus) het 'n anonieme skrywer (volgens dr. Mansvelt is hy adv. Wessels) 'n opstel oor „Cape Dutch” waarin dit aangaande die Afrikaners o.m. heet:

„The apathy which characterises many of their descendants to the present day (has) stereotyped (their language), as it were, to such a degree that, with very slight modifications, it is spoken at the present day very nearly, if not quite, in the same manner as by Van Riebeeck and his humble followers, two hundred years ago . . .”

Uit die werk van Vondel, Hooft, Bredero, Cats en Huyghens wil hy dit dan bewys en heg veel waarde aan die nederige afkoms van die eerste landverhuisers, van wie hy geen hoë dunk het nie.

Al is die grondslag anders, is die tydsbepaling baie na aan die voorstelling wat dr. Meyer-Benfey daarvan gee soos hy dit uitgestippel het in die inleiding van sy taalboekie *Die Sprache der Buren* (1901). Sprekende oor die „Schiffer- und Küstendialekt” of seemanstaal van die handeldrywende Hollandse skepe, 'n dialek waarvan hy die bestaan veronderstel, meen hy dat die grondtrekke van Afrikaans wellig daarin aanwesig was nog voor die stigting van die nedersetting aan die Kaap (bls. 17), maar „die vollständige Ausgestaltung und

Konsolidierung wird erst auf afrikanischem Boden entstanden sein." Afrikaans het dus sy wesenstrekke in die vroegste jare van die nedersetting verwerf.

§4.—*Die bele Periode tot aan die koms van die Hugenate*

Hierdie tydperk sluit die voorgaande in, maar duur heelwat langer, naamlik iets meer as 'n volle mensegeslag, en waarin ook die jong Afrikanertjies as taalfaktor 'n eie rol begin speel.

Dr. Hesseling het herhaaldelik die waarde van hierdie tydvak beklemtoon. In *Het Afrikaans* (1923) noem hy dit op bls. 18 so: „. . . de beslissende crisis (stel ik) in de eerste dertig jaar van 't bestaan der kolonie . . .” Op bls. 59 begrens hy dit met 1658 en 1685 „. . . het laatste jaar is natuurlijk *zeer* bij benadering bedoeld.” Dit wil nou darem ook nie sê „dat ik mij de Afrikaanse gesproken taal van 't eind der 17de eeuw voorstel als ongeveer gelijk aan de hedendaagse” (bls. 64), dog wel dat ons taal sy „draai” in hierdie periode gekry het onder invloed van Maleis-Portugees as hooffaktor. Dit was sy krisistyd.

Miskien pas bostaande afbakening die beste op die teorie van dr. J. Wittmann. Die flekterende Nederlandse en Nederduitse dialekte wat op Suid-Afrikaanse bodem oorgeplant is, was blootgestel aan 'n wisselwerking van verskeie vorme op mekaar, en daaruit het as resultaat 'n nuwe „Ausgleichsmundart” ontstaan, t.w. Afrikaans. Die eintlike duur van die stryd, d.w.s. van die opkoms van Afrikaans, was van 1652 tot 1687 (bls. 57) — vóór die koms van die Romaanse Hugenate, want in dié tyd het die blankes suiwer Germaanse dialekte uit Nederland en Noord-Duitsland aan die Kaap gepraat. Hier word verwys na dr. Wittmann se Bonnse dissertasie *Die*

sprachgeschichtliche Entwicklung des Deflexionstypus im Afrikaans (1928).

Verskeie ander uitsprake van weinig belang kon nog genoem word. As verteenwoordigend mag die volgende geld, geneem uit 'n betreklik skaars spraakkunsboekie van A. Francken: *An Easy Guide to the South African Dutch Language* (1902). In Bylaag IV aldaar heet dit onder die opskrif „The History of South African Dutch” onder andere: „In fact, S.A. Dutch must have assumed much of its present form before the Huguenot settlers arrived in South Africa” (bls. 98). Uit die verband skyn dit of prof. Francken hom op dr. Hesseling beroep.

§5.—Die bele Periode tot ongeveer 1700

Om die vorige tydvak met nog 'n twaalf jaar te verleng tot by 1700 en so aan die gerieflike grens tussen 'n ou en 'n nuwe eeu te kom, is hoofsaaklik om willekeurig 'n effens ruimer periode te stel en verander prinsipieel weinig daaraan, behalwe vir diegene wat voorstanders van die Franse teorie is, waaroor straks, of van die teorie van dialekvermenging. Dr. Hesseling praat immers self dikwels van die tweede helfte van die sewentiende eeu as 'n eenheid, hoewel hy die krisistyd enger omlin.

Dr. Bosman se verklaring wyk nie wesentlik hiervan af nie. In 'n belangrike opstel oor *Afrikaanse Taaltoestande tydens Jan van Riebeeck* (o.a. verskene in *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, Jun. 1922), spreek hy hom duideliker as elders uit waar hy sê:

„Ook meen ek dat omstreeks 1700 die skeiding tussen Nederlands en Afrikaans moet gemaak word. Gewysigde Nederlands in die mond van Europeane kan ons geen Afrikaans noem nie, en tot hierdie tyd

was die in Europa geborene in die meerderheid aan die Kaap. Maar sodra die kinders van sulke Europeane hierdie gewysigde Nederlands aan *hulle* kinders begin oordra, kry ons *die begin van die Afrikaanse taaltradisie*. Ek is wel oortuig dat na 1700 nuwe wysigingsfaktore in die spel kom, maar meen tog dat die belangrikste taalveranderinge óf reeds hulle beslag gekry het, óf tenminste in kiem aanwesig was, nadat twee geslagte groot geword het onder die taaltoestande van 1652-1700" (ald., bls. 13).

Die hoofgedagte hiervan vind ons weer terug in sy *Oor die Ontstaan van Afrikaans* (b.v. op bls. 43 van die druk van 1928).

Ten opsigte van die vestiging van 'n taaltradisie by volwassenes wat as kinders 'n gebrekkige Hollands gebesig het, kan heelwat steun gesoek word by dr. J. L. M. Franken. In ou argiefstukke uit die vroeë dae het hy heelwat leersame vondste gekry. In een van sy bydraes (*Van der Heiden en die Swart Slaaf II*, afgedruk in *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, Jun. 1928) bring hy gedateerde voorbeelde van krom-Hollands in die mond van 'n slaaf, Hottentotte en 'n Hugenoot, wat aantoon hoe om en om 1700 *ons* vir *wy* en 'n volledig gedeflekteerde werkwoord by hulle aangetref word. Dr. Franken verbind sy taalkundige bevindinge met Van Rheede se opmerking uit 1685 oor die kinders wat die krom-Hollands van Hottentotte navolg, en sê:

„Die geslag van kinders, in 1685 oud van 5 tot 15 jaar, is van 1690 tot 1700 volwasse, en so kan ons aanneem dat 'n gebroke taal onder die volwassene algemeen gangbaar geword het, veral waar geen deeglike openbare onderwys bestaan het om daardie

verbastering in die taal teen te gaan, nog minder uit te roei nie.

Dit is alleen maar 'n logiese bewys. Nou het ek daardie bewys gesteun deur konkrete voorbeelde, opgedelf uit die argiefstukke" (bls. 201).

In *Die Huisgenoot* van 21 Sept. 1928 stel dr. Franken die datum ook „omendeby 1700". Aangesien sy vasstelling nie in die eerste instansie ter ondersteuning van 'n bepaalde teorie gemaak word nie, spreek dit des te sterker.

Waarskynlik was dit ook hoe prof. G. Besselaar die saak gesien het toe hy geskryf het dat „Afrikaans . . . verklaar sal word uit die kindertaal van die eerste generasie van klein Afrikanertjies . . ." Dit kom voor in sy opsomming van dr. Boshoff se *Volk en Taal van Suid-Afrika* soos hy dit voor die Saamwerk-Uniekongres in 1922 gelewer het, uitgegee in pamfletvorm.

Nog 'n vooraanstaande taalkundige wat hierdie tydsafbakening as juis aanvaar, is prof. A. C. Bouman. Hy sê: „*Al die taalgeleerdes* (my kursivering) stem tot dusver ooreen dat die eerste 50 jaar van die volksplanting . . . die wording van Afrikaans aanskou het," maar weer-spreek hom, vreemd genoeg, onmiddellik daarop in sy *Opmerking* deur te meld dat *sommige* „die middel of die end van die agtiende eeu" voorstaan. Dan vervolg hy: „Ons het egter nie konkrete gegewens gevind wat beslis teen die termyn van omtrent 50 jaar indruis nie" (bls. 283-4 in *Gedenkboek ter Ere van die Genootskap van Regte Afrikaners*).

§6.—*Die Periode van Vernederlandsing van die Hugenote*

Die Franse teorie wat eens op 'n tyd hier en elders so

baie aanhangers getel het, kon met 'n paar vaste datums werk. Die Hugenote het hulle in 1688 hier kom vestig; in 1723 kon slegs nog 25 oues van dae geen Hollands verstaan nie, en na De la Caille in 1752 meedeel, het hy niemand onder 40 jaar gevind wat nog Frans kon praat nie. Die „kritieke tyd” kon dus gestel word tussen 1688 en êrens in die eerste kwart van die agtiende eeu. Prof. Te Winkel, die vernaamste voorstander van Frans, het sy einddatum in 1901 aangegee as 1720, 'n eindpunt wat in 1905 ook vir 'n ander teorie deur dr. P. J. du Toit aanvaar is (*Afrikaansche Studies*, bls. 11).

Met één leke-opinie hierby kan ons volstaan. Olive Schreiner meen „dat na de aankomst der Hugenoten nauwelijks een geslacht voorbijgegaan was, voordat de landtaal aan de Kaap noch Hollandsch noch Fransch was, maar het gebroken dialect, dat wij hier *de taal* noemen” (*Losse Gedachten over Zuid-Afrika*, 1900, bls. 43).

§7.—Die bele Periode met keerpunt tussen 1700 en 1750

Verskeie geleerdes en belangstellendes beskou weer hierdie tydvak as deurslaggewend in die afstigting van Afrikaans, en sommige benadruk daarin die begin, ander die einde. Prof. M. C. Botha b.v. beweer: „. . . ons moet aanneem dat Afrikaans as taalvorm kort na 1700 sy beslag gekry het, al het ons geen spesifieke bewyse daarvan nie” (*Gedenkboek ter Ere van die Genootskap van Regte Afrikaners*, bls. 26). Dit is opvallend hoe versigtig prof. Botha is dat hy nie eers op indirekte wyse sy aanname wil motiveer nie.

Hoe na dr. D. F. Malherbe hom in werklikheid aan dr. Bosman en dr. Hesseling in sake die tydsbepaling bevind, blyk uit 'n paar uitlatinge in sy bespreking van

laasgenoemde se *Het Afrikaans* in die derde jaargang van *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*. Op bls. 50 heet dit o.a.:

„Ons weet nie met sekerheid wanneer die vormingsproses afgeloop was nie, hoewel sy endstadium met rede êrens in die eerste helfte van die 18de eeu kan geplaas word, terwyl die taal van die koloniste voor of om 1700 sy grootste skok moes gekry het.”

Die eindstadium lê dan êrens voor 1750, en daartoe geraak hy veral op grond van taalkundige argumente, naamlik dat 'n mens, gelet op die Afrikaanse verbaalstelsel, aan spontane ontwikkeling nie genoeg het nie en 'n toestand van skok moet aanneem (blss. 54-57).

Opmerkinge by reisigers word ook nou veelvuldiger en is 'n hulpmiddel, sodat die beriggewing die taalkundige argumente aanvul. Belangrike aanduidinge is daar by voorbeeld by Mentzel (1709-1801) wat van 1733-1741 aan die Kaap vertoef het. Van die ag jaar het hy twee op die platteland deurgebring. Met die oog op sulke werk sê dr. Theo Haarhoff in sy opstel oor *Afrikaans in die Nasionale Lewe* o.m. „Uit reisverhale en tydskrifte . . . blyk dit dat Afrikaans ongeveer 1750 op die platteland bestaan het” (bls. 62), of duideliker van sin indien nie van styl nie: „Trapsgewyse ontwikkeling (van Afrikaans) as 'n spreektaal, wat definitief onderskeibaar reeds in 1750 skyn te wees” (bls. 61 in *Ons word Mondig*).

Ds. W. Postma het dr. Hesseling se verklaringspoging van die hand gewys en in die plek daarvan sy eie gestel dat „Hollands in die mond van die Afrikaanse kind Afrikaans geword het” (*Die Brandwag*, 1 Maart 1912, bls. 623), of „Die eigenlike taal-makers was die eerste jong-Afrikaner-geslag, die kinders wat hier jong gekom het en hier gebore is . . . In die kinderomgang, waarin die

Hollands nie alleen die sterkste element was, maar ook verpligtend, is die Afrikaanse taal gebore . . ." (p. 624a). Met historiese en teoretiese waarskynlikhede kom hy tot die gevolgtrekking dat ons „omtrent 1710 spore (moet) soek van die taal" (p. 626b), en tot sy vreugde, so vertel hy openhartig, kry hy tussen argiefstukke in 'n brief uit 1709 taalkundige bevestiging van hierdie stelling. So geraak hy dan tot die slotsom:

„Ik meen dat Afrikaans al vóór 1750 sy beslag moes gehad het, seker tussen 1720 en 1730" (ald., p. 627a).

Soos dr. J. L. M. Franken later sal bewys en dr. Theal vroeër dit reeds gedoen het, heg ds. Postma veel waarde aan die interpretasie dat die geboorte van 'n eie volk tydens die ontevredenheid onder Willem van der Stel saamval met die geboorte van 'n eie taal, volgens berekening. Dit kom nog voor in 'n ander leke-opinie wat hier aangehaal mag word. Met stelligheid deel G. R. von Wielligh mee: „Afrikaans is als taal gebore in die distrikte van Stellenbosch en die Paarl in die Kaap de Goede Hoop en wel gedurende die tye van Simon van der Stel en sijn seun Willem Adriaan van der Stel" (*Die Brandwag*, 15 Julie 1912). In *Ons Geselstaal* (1925) herhaal hy dit ten opsigte van die geboorteplek, maar baken die tydperk ruimer af en sê dat „die samestelling en bou van Afrikaans reeds teen die helfte van die 18de eeu sy voltooiing bereik het, want die burgers wat in daardie tyd inlands getrek het, het die taal met hulle meegeneem" (bls. 18).

Prof. J. J. le Roux het in die Voorwoord tot sy *Oor die Afrikaanse Sintaksis* (1923) heel terloops van die 17de eeu gesê: „Dit was die tyd van die ontstaan van Afrikaans," en in later werk dat die vernaamste veranderinge

in Afrikaans voor 1750 plaasgevind het — ongelukkig sonder bewysvoering (*Praatjies oor ons taal*, bls. 23 en *Die Nuwe Taal- en Stylgids*, bls. 17, 20 e.v.).

Afgaande op wat 'n studie van neersettingsdialekte ons leer aangaande die tydsduur om tot 'n toestand van betreklike eenvormigheid te geraak, asook op die waarskynlike proses van ontwikkeling by ons, konkludeer dr. S. A. Louw oor hierdie aspek op heel versigtige wyse soos volg, sonder om daarmee 'n afsluitingspunt te wil noem: „Uit dieselfde hoofstuk (I, par. 8) het geblyk dat die uitskakeling van oorbodige vorme in die geval van dialekvermenging in betreklike kort tyd plaasvind, sodat ons moet aanneem dat hierdie proses reeds ver gevorder het teen die tyd toe die boere in aansienlike getalle oor die berge begin trek het gedurende die tweede kwart van die agtiende eeu.” (*Dialekvermenging . . .*, bls. 96; ook bls. 103 en elders; vgl. bls. 44 in *Taalgeografie*).

§8.—*Die bele Periode met keerpunt tussen 1750 en 1800*

Getuienisse van verskillende aard praat van nou af baie duideliker. Dit word moontlik om sekere vaste bakens te steek. Reisberigte van De la Caille, Sparrman, Thunberg, Le Vaillant e.a. helder ondergeskikte punte op en help in die datering van plek-, plant- en diername. Die reisverhaal van Wikar gee direk en, in die hiperkorrekte vorms, soms indirek aanwysinge in verband met die spreektaal van dié groepe onder wie hy hom beweeg het. Van groot belang is ook die aanduidinge verkry uit die briewe van weinig geletterdes, hetsy private, hetsy amptelike persone soos veldkornette en baie landdroste. En les bes, die *Lied ter Ere van de Swellendamsche . . . Helden*, 'n voorloper van doelbewus geskrewe Afrikaans,

wil party spraakgewoontes van die Swellendammers in 1795 spottenderwys aan die kaak stel deur hulle taal benaderd weer te gee. Oor en in die taal is daar dus sterk bewyse dat Afrikaans besig was om sy beslag te kry of dit gekry het, al na die waardering.

Die datering van Afrikaans in hierdie tydvak bring ook die verskil in houding goed na vore. Diegene wat voorstanders is van 'n verklaring waarin hulle hulle op 'n skielike botsing of skok beroep, òf wat aan vreemde inwerking (soos van Hugenate-Frans, Maleis-Portugees of Hottentots) waarde heg, stel die ontstaansdatum vroeg of betreklik vroeg en motiveer hulle standpunt hoofsaaklik op grond van taalkundige oorweginge en afleidinge. Hierteenoor staan diegene wat aan vreemde invloed as direkte vormingskrag nie veel geloof heg nie en die versnelde tempo van spontane ontwikkeling uit bepaalde psigies-fisiese omstandighede wil verklaar — hulle plaas die oorgang van Nederlands tot Afrikaans later, d.w.s. ongeveer in hierdie tydvak, en voer bewyse aan wat die *ooreenstemming* tussen die twee taalvorme benadruk soos dit tot uiting kom in die taalstruktuur self *en* in die gees of sfeer, die karakter, b.v. in die wyse van woordvorming en aanpassing by nuwe eise.

Prof. J. J. Smith sê op een plek met verwysing na Wikar se verhaal en die gemelde *Lied* uit 1795 o.m.:

„Maar enkele geskrifte uit die tweede helfte van die agtiende eeu, gestel in sterk verafrikaanste Nederlands, . . . maak dit uiters waarskynlik dat die Hollandse taalvorme deur die eerste koloniste meegebring, kort ná 1750 reeds tot Afrikaans ontwikkel het. Uit die getuienis van Lichtenstein . . . en van Burchell . . . is dit duidelik dat Afrikaans by die begin van die neën-

tiende eeu 'n afsonderlike taalvorm was . . .” (*Gedenkboek ter Ere van die Gen. van Regte Afr.*, blss. 34-35).

Elders sê hy: „As spreektaal het Afrikaans reeds omstreeks 1750 sy moderne vorm aangeneem — ten minste wat betref die hoofsaak” (*Die Swiderstem*, 26 Des. 1936), sodat prof. Smith ook onder die vorige tydsafbakening kon genoem gewees het.

'n Hartstogtelike teenstander van enige teorie van vreemde invloed was C. J. van Rijn. In sy boekie *Het Nauwe Verband tussen het Afrikaans en het Hollands* (1914) kom hy 'n paar keer op die dateringsprobleem terug, b.v. op blss. 16, 61, 69 en 117; op laasgenoemde plaas formuleer hy dit so:

„De *Burgers* te Kaapstad bleven tot omtrent 1850 Nederlands spreken; velen doen het nog. Toen de *Boeren*, in de laatste helft der 18de eeuw, zich naar alle kanten begonnen te verspreiden . . . werd op het platte land het witmans Afrikaans geboren.”

Dr. M. R. Breyne stel die datum in sy grammatika van ons taal vir Duitsers „etwa um 1775” (*Afrikaans*, 1936, p.1.). Oor dr. W. J. Viljoen se stelling het ons dit reeds gehad (§2 hierbo). Dr. S. P. E. Boshoff sluit hom hierby aan en verklaar:

„Persoonlik vind ek die ontwikkeling nie so snel nie, wanneer daar rekening gehou word met die voorgeskiedenis van Afrikaans, en die tempo nie abnormaal nie, wanneer daar rekening gehou word met al die omstandighede en vervormingsfaktore.

Dr. Hesseling . . . (se) beskouwing berus op baje onsekere gronde, en is aanvegbaar . . . Verder dan Dr. Viljoen . . . kan ons nie met veiligheid gaan nie, dan om aan te neem, dat Afrikaans sijn beslag gekrij

het vóór die Grote Trek van 1836 (*Die Methode van Ondersoek na die Ontstaan van die Afrikaanse Taal*, 1917, bls. 17-18).

§9.—*Bakermat en Samevatting*

Die ontwikkeling van Afrikaans uit Nederlands lê eintlik in die lig van die geskiedenis. En tog is dit opvallend hoe daar desondanks sulke uiteenlopende opvattinge by geleerdes kan ontstaan aangaande die betreklik eenvoudige vraag na die datering. Haas elke genoemde periode het een of meer pleitbesorgers met 'n klinkende naam.

Sommige redes vir die verskil van opvatting is reeds voorgehou (interpretasie of vooropgestelde teorie, houding); daarby kom nog dat die probleem self helderder behoort gestel te word. Intussen iets oor 'n aanverwante aspek.

Die vraag na die datums op die doopseël van Afrikaans hang ten nouste saam met die vraag na sy bakermat. Wie immers die eerste stel, stel ook die tweede, en dit geld ewegoed van die antwoorde daarop; want as die periode bepaal kan word toe Nederlands Afrikaans geword het, sal die gedokumenteerde geskiedenis presies kan sê watter gebied toe bewoon was, m.a.w. waar die bakermat gesoek moet word. En omdat die antwoorde op die vraag na die tydperk toe Afrikaans 'n eie karakter aangeneem het, so sterk uiteenloop, sal dit parallel ' hieraan ook van toepassing wees op die gebied waar dit plaasgevind het. Daarom sal dit miskien onnodig wees om die verskillende gebiedsafbakeninge hier te gee, en ook vervelend, maar een of twee aanduidinge mag wel 'n plekkie vind.

Op die kaarte in sommige geskiedenis-handboeke en in atlasse soos die van dr. E. Stockenström en prof. Walker, word die uitdeinende koloniasiestroke van ons land in opeenvolgende tye geteken. Tot 1700 beslaan die bewoonde gebied 'n strook wat ons die Boland in enger sin kan noem (Kaapstad, Pêrel, Stellenbosch, Franshoek, Malmesbury). Vir diegene wat meen dat Afrikaans sy wending in hierdie periode voor 1700 gekry het, is dit dan die geboorteplek van ons taal. G. R. von Wielligh omskryf dit soos volg: dit is „die klein oppervlakte geleë tussen die see, die Bergrivier en die Hottentots-Hollandse gebergtes” (*Ons Geselstaal*, bls. 12). Later skets hy dit in afstande: „Na die Ooste gesien (naamlik van die kruin van Tafelberg af), lê 'n gelyke vlakte gemiddeld veertig, vyftig myl breed, en word aan die sonopkant begrens deur hoë berge bekend as die Hottentot-Hollandse en Drakensteinse Gebergtes . . .” (bls. 125).

Dit is 'n betreklike klein terrein en geleerdes wat dit as die geboorteplek aanneem, b.v. dr. Hesseling, wys daarop hoe dit begryplik maak dat Afrikaans vandag oor so 'n uitgestrekte gebied haas sonder dialektiese afwykinge van belang gepraat word. Afrikaans het op 'n klein oppervlakte eenvormigheid bereik en vandaar af uitgebrei, nou met behoud van sy uniformiteit.

Kort hierna begin die trekke dieper landwaarts in, òf oor die berge noordwaarts, òf langs die kusvlaktes en tussen die bergreekse op ooswaarts, òf in waaivorm verder heen. Hoe later die wordingsperiode gestel word, deste groter die gebied waarin Afrikaans ontstaan het.